**LAERSKOOL HERBERT HURD**

**21 Junie 2017** **AFRIKAANS** **Graad 5**


**Totaal: 40**

**Lees die volgende interessante feite en beantwoord die begripsvrae in volsinne waar moontlik.**

# RAAR MAAR WAAR

Die kleinste weermag in die wêreld is van die land Andorra. Dit het een offisier, vier manskappe en twee kantoorwerkers. Die 22-jarige Michael Weston van Cheshire, Engeland, hou die rekord vir 'n 'papbad'. Hy het van 1 tot 4 November 1983 vir 72 ure in 'n bad vol mieliepap gesit om geld vir liefdadigheid in te samel.

Agt-en-sestig mense by "The Warehouse", 'n kroeg in Hertford, Engeland, het in Oktober 1984 saam in een bed geklim. So het hulle 'n nuwe rekord opgestel vir die meeste mense in een bed.



Kesa Tagawa van Osaka, Japan, het in 1984 die grootste fiets in die wêreld gebou. Dit het hom drie jaar geneem om die fiets, wat 5 meter lank en 3,4 meter hoog is, te bou. Nou het hy net een probleem: Niemand is lank genoeg om die fiets te ry nie.

Die wêreld se grootste sigaar is vervaardig van 33 300 tabakblare en weeg 557 pond (ongeveer 225 kg) en is 16 voet (ongeveer 4.8 meter) lank. As 'n mens hierdie sigaar sou rook, sou dit vyf jaar neem.

Towser, die 'fabriekskat' by 'n whiskyfabriek in Skotland, het sedert Maart 1986 reeds 25 679 muise gevang en geëet. Haar baas, die fabrieksbestuurder, hou rekord van al die muise wat sy vang.

In Desember 1981 het die polisie van Florida in die VSA die 33-jarige Giovannie Vigliotto in hegtenis geneem. Hy het 115 keer onwettig getrou. Hy is vir 28 jaar tronk toe gestuur en het 'n boete van R336 gekry.

Die 163-jarige Abdul Mahood van Pakistan is die oudste mens op aarde. Sy oudste seun is 104 jaar oud.

'n Sywurm eet 86 000 keer sy eie liggaamsgewig gedurend sy leeftyd van 56 dae.

'n Oester lê 500 miljoen eiers 'n jaar, maar slegs een eier sal tot 'n volwasse oester ontwikkel.

**1. Beantwoord nou die volgende vrae in goeie volsinne. Jy sal punte verloor as jy net die woord skryf.**

1.1 Hoeveel mense is daar in die kleinste weermag? Noem al die werkers. (2)
1.2 Hoekom het Michael Weston in 'n 'papbad' gesit? (1)
1.3 In watter land is die grootste fiets gebou? (1)
1.4 In watter stad het die man wat die grootste fiets gebou het, gewoon? (1)
1.5 Hoe lank het dit die man geneem om die fiets te bou? (1)
1.6 Watter probleem was daar met die fiets? (1)
1.7 Hoe lank sal dit neem om die grootste sigaar te rook? (1)
1.8 Watter soort diere het Towser, die "fabriekskat" gevang? (1)
1.9 Watter werk het Towser se baas gedoen? (1)
1.10 In watter stad het Giovanni Vigliotto gewoon? (1)
1.11 Hoekom het die polisie hom gevang? (1)
1.12 Wat is die naam van die oudste man in die wêreld? (1)
1.13 Hoe lank leef 'n sywurm? (1)
1.14 Hoeveel eiers van 'n oester ontwikkel tot 'n volwassene? (1)

**TOTAAL 15**

**2. Punktuasie: Vul die korrekte punte, kommas, vraagtekens, koppeltekens of uitroeptekens in die volgende sin.**

2.1 Is suid afrika 'n vasteland ½ x 4 = (2)

**3. Meervoude: Skryf die volgende sinne oor en verander die onderstreepte woorde met 'n meervoud.**

3.1 Daar is 14 vraag in die Begripstoets.
3.2 Een sywurm, maar baie ...
3.3 Die man rook 3 sigaar elke dag. (3)

**4 Vraagsinne: Skryf die sin as 'n vraag sin oor. Kies 'n vraagwoord uit die blokkie. Begin die sin met die vraagwoord.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **wie** | **wat** | **waarmee** | **wanneer** | **hoeveel** | **waar** |

4. Daar werk agt-en-veertig mense by "The Warehouse". (1)

**5. Afkortings: Skryf net die woord. Vervang die onderstreepte woord met 'n afkorting.**

5. Giovannie Vigliotto woon in die Verenigde State van Amerika. (1)

**6. Voornaamwoorde: Skryf die sinne oor en vul die korrekte voornaamwoorde in.**


Violet Brown is die oudste vrou in die wêreld. ..6.1.. *(onthou die hoofletter)* is 117 jaar oud en ..6.2.. vriende noem ..6.3.. Tannie V. (3)

7. **<u>Indirekte Rede</u>: Skryf nou die sin in die indirekte rede oor.**

7.1 "Ek gaan nou eet," sê Violet. *Begin met: Violet sê*

(1)

8. **<u>Voorsetsels:</u> Kyk na die prent en kies die korrekte voorsetsels. Skryf die sin uit. (aan, by, vir, voor, aan, op, vir, deur, in)**



8.1 Die aardbol (*globe)* is ... die boekrak.

8.2 Die boeke staan ... die boekrak.

8.3 Die snippermandjie (*waste paper basket)* staan ... die boekrak. (3)

9 **Spelfoute: Daar is vier spelfoute in die volgende sinne. Skryf die korrekte spelling van die woorde neer. Nommer die woorde 9.1, 9.2 , 9.3 en 9.4**

Die Japanees het 'n hoge fiets gemaak. Hy het fyv dae gewerk. Hy het nie geeet nie en sy oe was baie seer. ½ x 4 (2)

10 **<u>Soortname</u>: Lees die volgende sin en onderstreep al die soortname.**

**Ek het 'n kat, 'n aap en 'n slang.**

**Skryf al die soortname in die eerste kolom van die tabel. Rangskik dan die woorde in alfabetiese volgorde en skryf dan die verkleinwoord van elke woord.** (6)

| **Soortname** | **Alfabetiese volgorde** | **Verkleiningvorm** |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

11 **<u>Trappe van vergelyking:</u> Voltooi die volgende sinne:**

11.1 Violet is **oud.** Abdul se seun is ... Abdul is die oudste.

11.2 Die weermag in Benin is **klein** maar Adorra se weermag is die ... in die wêreld.

11.3 Kesa was **kort** maar sy vrou was ... as hy. (3)